## VAN STAMVERWANTE BODEM

*De Nederlander uiterlijk en innerlijk. Een karakteristiek* is die titel van 'n werk wat van prof. dr. A. Chorus (Leiden) in die N.C.-reeks (A. W. Sijthoff, Leiden, 1964) verskyn het en vir elke student in die geskiedenis van die Nederlande onontbeerlik is. Die skrywer het o.m. nagegaan hoe die Nederlandse volksaard deur die land en die geskiedenis gevorm is (bl. 72 e.v.), figure uit *Erflaters van onze beschaving* nagegaan om vas te stel of hulle as verteenwoordigend beskou kan word (bl. 62 e.v.) en die agtergrond en oorsake van kenmerke nagegaan wat deur godsdienstige opvattinge beïnvloed is. Ook is deur hom beskrywe hoe vreemdelinge die Nederlanders in die loop van die eeue gesien het en nog sien (bl. 158 e.v.). Suiderlinge is getref deur die flegmaties geaardheid van die Nederlander. Ander kenmerke waardeur vreemdelinge getref is en word, is die vryheid- en godsdienssin, eerlikheid, eenvoud, die gevoel vir orde, reëlmaat en huislikheid, die gebrek aan fantasie, die kruideniersmentaliteit en die uitgesproke burgerlikheid van die Nederlander. Persoonlik wys die skrywer op die *verkwistingskultuur* onder die jongeres (bl. 174) oor die wisselende beoordeling van deugde en ondeugde, die verslappende opvoeding (bl. 178) die feit dat die omgewing waarin die Nederlandse volksaard tot ontwikkeling gekom het, heeltemal verander. Tereg voeg hy o.i. aan hierdie en ander uitsprake toe: *De mens is blijkbaar op zijn best wanneer hij onder een zekere druk van de omgeving leeft en werkt* (bl. 179).

'n Ander voortreflike werkie wat in dieselfde reeks onder die titel *Europese momentopnamen (prof. dr. H. Brugmans)* verskyn het belig die Europese geskiedenis in 330, 800, 1000, 1300, 1492, 1555, 1648, 1789, 1815, 1848, 1900, 1917, 1947 en 1962. Brugmans se werk is o.i. onontbeerlik vir vakonderwysers in ons hoërskole en geskiedenisstudente. Ons kan dit nie sterk genoeg aanbeveel nie. Dit is oorsigtelik, vlot en boeiend geskryf en belig aspekte wat in die gewone handboeke nie altyd ewe duidelik aan die lig kom nie.

Aan gegewens in dagblaaie ontleen, noem ons slegs die volgendt uitgawes: K. Busch en H. Reuther *Welke stijl is dit?* (vertaling uit Duits, Maastricht, s.j.) en die *DTV-Atlas zur Weltgeschichte* (eerste deel, tot die Franse Rewolusie, München, 1964).

In die reeks *Studien zum Geschichtsbild* (Musterschmidt, Göttingen) het *W. Herderhorst* se studie *Zur Geschichtsschreibung Friedrichs der Groszen* (32 bl.) verskyn, waarin die skrywer onder meer aantoon dat, net soos in die geval van ander voorbeelde van geskiedskrywing wat 'n groot deel van die agtiende eeu beheers, ook Frederik die Grote se geskiedskrywing ontstaan het as gevolg van die begeerte tot letterkundige gestaltegewing van die geskiedenis, dit gesien in die diens van 'n politieke opgawe. Sy werk was didakties deurdat hy daarna gestrewe het om op dié wyse die politieke toekoms te beïnvloed.

In die jaarverslag 1961/1962 van die *Land- en Volkekundige museum* (Rotterdam) is o.m. vermeld dat groot aanwinste in verband met Nieu-Guinea en Midde-Afrika verkry is. Laasgenoemde gebied blyk 'n vrugbare studiegebied te wees. Ook het die verslag oor 1962 van die *Amsterdamse Ryksmuseum* verskyn (Den Haag, 1964). Afdeling C. (bl. 27 e.v.) handel oor die geskiedkundige afdeling.

'n Belangrike aanwins was 'n skildery van 'n onbekende meester van kardinaal Granvelle (1517-1586), skilderye waarop koning Willem I en koningin Wilhelmina voorkom en 'n skilderstuk wat 'n sewentiende eeuse plantasie in Suriname (D. Valkenburg) voorstel. In 1962 het meer as 580-000 persone die museum besoek (1961: 568,000).

'n Gids in verband met Nederlandse museums is volgens persberigte deur die *ANWB* (Den Haag) uitgegee: In *Circuit*, nr. 8, 1964, verskyn op bl. 18 e.v. die bydrae *Intimate beauty. The romance of Dutch titles;* in *Neerlandia* (Des. 1964) skrywe *drs.*

*H. J. Brinkman* oor *Nederlands en Afrikaans* (bl. 196 e.v.), terwyl in die Januarie-uitgawe 1965 (bl. 14) *dr. J. L. Snethlage* se *Meer begrip voor Zuid-Afrika* aanbeveel word.

In *Ons Amsterdam* (Nov. 1964) kom 'n lewensbeskrywing van die bekende kunstenaar *Carel Adolph Lion Cachet* (bl. 322 e.v.) en 'n geskiedkundige skets van die *Amsterdamse Bank van Lening,* wat deur Vondel bekendheid verwerf het, van die hand can *Sj. de Vries* voor. *Drs. P. J. E. Luyckx* skryf oor *18e eeuse Amsterdamse argitektuur* (idem, Jan. 1965, bl. 2 e.v.), terwyl *J. H. Kruizinga* in die Februarie-uitgawe die belangrike versameling aptekersbenodighede van dr. D. A. Wittop Koning (waaronder 'n vysel van 1491) bespreek. 'n Lewensbeskrywing van die bekende seeskilder *H. W. Mesdag* verskyn in *s' Gravenhage* (jg. 19, Des. 1964), terwyl die Riddersaal en omgewing in die uitgawe van Augustus 1964 van dieselfde maandblad beskryf is.

In die verlede is reeds melding gemaak van die *Kroniek van Afrika* 'n wetenskaplike publikasie van die *Afrika-Studiecentrum* (Leiden). Tans word die gegewens viermaal per jaar in gedrukte vorm uitgegee en is o.i. van 'n uitstekende gehalte. In die Junie-aflewering (1964) kom 'n bydrae oor die *Transkei,* met as ondertitel *Problems and Prospects* van *prof. dr. H. Houghton* (bl. 99 e.v.) voor, terwyl *J. v.d. Meulen* en *F. L. van Holthoon* in dieselfde uitgawe 'n paar omwentelings in Wes-Afrika onder beskouing neem. *J. J. Sterkenburg* se bydrae *Het eenzijdig karakter van de export der Afrikaanse landen* (idem, sp. Sept. 1964, bl. 201 e.v.). Volgens die skrywer kan die afhanklikheid van een of 'n paar uitvoerprodukte 'n vertraging van die ontwikkeling beteken (bl. 205).

Ten slotte vestig ons nog die aandag op 'n bespreking van *James Wellard* se werk *The great Sahara* deur J. de Klerk in *Elseviers Weekblad* van 20.2.1965, en *prof. dr. theo van Wijk* (Universiteit van Suid-Afrika) se waardevolle *Suid-Afrikaanse Kroniek* 1962 soos verskyn in *Bijdragen voor de geschiedenis der Nederlanden,* deel 19, alf. I.

Dr. J. Ploeger